



The Office Of The Principal and Vice-Chancellor

DIE AMPTELIKE OPENINGSEREMONIE VIR DIE AKADEMIESE JAAR 2018

ZK MATTHEWS-SAAL, MUCKLENEUK-KAMPUS

8 Februarie 2018

PROF MANDLA S MAKHANYA

REKTOR EN VISEKANSELIER

Die Afrika-universiteit wat in diens van die mens toekomsdrome verwesenlik

- Bedanking (programopsteller)
- MnR die Raadsvoorsitter – MnR Simelane
- Raadslede
- Mev Makhanya
- Kollegas in Top- en Uitgebreide Bestuur
- Studenteleiers
- Leiers van OL
- Ons personeelde en studente

- Lede van die mediagemeenskap

Met hierdie jaar se toespraak het ek doelbewus afgewyk van die konvensionele formaat. Ek wil die opening van die akademiese jaar gebruik as 'n geleentheid om almal van u – ongeag van watter afdeling van die instansie – te nooi om met my saam te werk om dít te lewer wat die groter gemeenskap en in die besonder ons studente, van Unisa verwag. Vir my en vir die ganse leierskap van die instansie is vanjaar nie bloot nóg 'n jaar van beloftes nie, maar eerder een van implementering van ooreengekome transformasieplanne en -beleide.

Hoewel ek deeglik daarvan bewus is dat die verandering wat vir ons voorlê nie simplisties beskou kan word as 'n gebeurtenis nie, maar eerder 'n proses is, nooi ek die universiteitsgemeenskap in sy geheel uit om 'n hoër vlak van implementering van al ons ooreengekome transformasieplanne en -beleide aan te durf. My boodskap is eenvoudig: enige korrekte strategiese beplanning moet positiewe resultate hê.

Ek wil dus benadruk dat die jaar 2018 die jaar moet wees waarin verandering geïmplementeer moet word – met ander woorde, 'n jaar van intense en onwrikbare implementering van ons

transformasieplanne en -beleide, sowel as dienslewering aan ons studente. Dit moet boonop tydig en doeltreffend uitgevoer word.

Ek wil u uitnooi om deel te word van 'n praktykgemeenskap waar almal gesamentlik toegewyd is aan die verwesenliking van:

- 'n Afrika-universiteit wat waarlik herskep is en wat in diens van die mens toekomsdrome verwesenlik;
- verbeterde algehele bestuur van ons instansie, wat op alle vlakke responsief en aanspreeklik is;
- 'n kurrikulum wat wesentlik getransformeerd is en geskik is vir die doel waarvoor dit bestem is;
- die beste onderrig- en leeromgewing wat sukses en resultate ondersteun;
- beter algehele ervaring vir studente – sonder enige kennismoord, taalmoord of vervreemding;
- veranderde institusionele kulture wat van Unisa 'n tuiste vir ons almal maak;
- doelmatige stelsels en beleide wat doeltreffendheid en institusionele ratsheid verseker.

Ons moet almal onthou dat ons gesamentlike taak om Unisa te herskep, huis begin het in die tyd toe die drie universiteite – Unisa, die voormalige Technikon SA, en Vista Universiteit se Afstandsonderkampus – in Januarie 2004 saamgesmelt het om 'n uiters omvattende universiteit te vorm wat nou meer as 350,000 studente inneem. Dit is hierdie reuse-universiteit wat in ons hande is, en ons moet toesien dat:

- die intellektuele en akademiese komponente relevant en van hoogstaande gehalte is;
- die studente trots is om aan Unisa te studeer;
- die toekomsdrome in diens van die mens, aktief verwesenlik word;
- Unisa inderdaad 'n baanbreker van nuwe idees is wat lewensgeleenthede verryk;
- Unisa dinamies is en altyd selfkrities is vir die verwesenliking van transformasie, innovering en ontvanklikheid vir nuwe maniere van kennis, nuwe idees van bestaan en 'n nuwe begrip van mag en gesag.

Hoewel ons daarvan bewus is dat die hoëonderwyssektor in Suid-Afrika die afgelope twee jaar moes deurloop onder 'n reeks protesaksies

wat sy fondamente geskud het op 'n skaal wat ongeken is sedert die intreding van ons demokratiese bestel, moet ons by Unisa die geleentheid benut om die herskepping van ons instansie wat in 2004 begin is, te voltooи.

Unisa is 'n instansie wat daaraan toegewy is om 'n ware Afrika-universiteit te wees en terselfdertyd op wêreldskaal kan meeding. Die instansie strewe ook daarna om in diens van die mens sy toekomsdrome te verwesenlik, en wat die unieke jaarlikse somerskool oor Dekolonialisasie aanbied wat die bewegings "#Rhodes Must Fall" en "#Fees Must Fall" voorafgaan. Daarom is dit hoogtyd dat ons ons visie, ons handves, ons 11C's+1, ons dekolonialisasie, uitleef en konkreet vordering maak ten opsigte van transformasie en sosiale geregtigheid.

Ons moet vanjaar uitdrukking aan ons moedigheid gee, volle vertroue hê in ons wetenskaplike diagnose van die huidige problematiese idee van die universiteit en openlik verklaar dat ons herskepping van Unisa tot 'n eersteklasinstansie op ses kenmerke berus en hierdie kenmerke moet die universiteit laat uitstaan:

- 'n plek van veeltaligheid: 'n instansie waar inheemse kennis, taal, kosmologieë en ontologieë van Afrika 'n sentrale deel van sy identiteit en siel vorm;
- 'n plek van kognitiewe/sosiale geregtigheid wat die idee dat alle mense as deel van 'n geldige en legitieme kennisstelsel gebore word ten volle ondersteun;
- 'n plek van "ekologieë en kennisse" waar pluraliteit van kennisse met mekaar meeding en mekaar versterk;
- 'n sosiaal responsiewe instansie wat nie enige kennismoord, taalmoord of kulturele imperialisme verduur nie;
- 'n geherkapitaliseerde instansie waar selfs diegene wat nie geld het nie, toegang tot onderrig het – waar onderrig 'n reg is, eerder as 'n voorreg wat net sekere beskore is; en
- 'n hoogs gedekolonialiseerde, ontstamde, gederasialiseerde, gedepatriargeerde, en gedekorporatiseerde tuiste vir elkeen.

Ons moet ook aangemoedig word deur die feit dat Unisa se Raad reeds in 2014 ons huidige Strategie 2030 goedgekeur het. Hierdie strategie het onder andere ten doel om Unisa te herposisioneer as die toonaangewende Afrika-gesentreerde universiteit en eg-Afrika-universiteit, en nie bloot as 'n universiteit in Afrika wat op 'n wêreldskaal

meeding nie. Ons word ook aangespoor deur die feit dat Unisa die hoogste konsentrasie Afrika-gefokusde navorsingsentrums huisves – waarvan die uitset ons implementering van ons strategieë, planne en beleide moet inspireer.

Ons word dus verder aangemoedig deur die kennis wat ons op institusionele vlak bymekaargemaak het; wat vloei uit ons onderskeie seminare, werkswinkels en internasionale konferensies wat fokus op die idee van die universiteit, dekolonialisering van kennis, sosiale en akademiese transformasie, sowel as onderrig en leer.

'n Verdere vorm van aansporing is die aanbevelings van die South African Human Rights Commission Report on Transformation of Public Universities, wat direk op transformasie en hoër onderwys inwerk.

Die vestiging van die Change Management Unit (CMU) in die rektor en visekanselier se kantoor in 2016 het 'n reuse-bydrae gelewer deur die bekendstelling van die voorste veranderingsinisiatiewe wat geskoei is op die volgende tema: "Transforming UNISA: Academic and Social Justice for Development".

Regdeur 2017 het die Leading Change-inisiatiewe wat georganiseerde debatte en gesprekke oor die betekenis en implikasies van die studente se aanspraak op gratis, relevante, gedekolonialiseerde onderrig van hoë gehalte behels, ons as 'n instansie in staat gestel om nomenklature en prosesse soos dekolonialisering, diversifisering, Afrikanisering en, inderdaad, transformasie, grondig en openlik in te stel met die doel om rigting en inhoud aan ons transformasiestrategie, -planne en -beleide te gee.

Ek moet byvoeg dat ons gesamentlike sukses terwyl ons onsself staal vir die jaar van transformasie-implementering, onderhewig is daaraan dat ons ernstig nadink oor:

- ons leierskap bo en behalwe die tradisionele bestuurdersheerskappy;
- ons etiese optrede as leiers en opvoeders;
- ons professionele optrede as leiers en opvoeders;
- ons lojaliteit aan die instansie en ons verbintenis aan ons studente; en
- ons dringende herstelling van vertroue tussen leiers, opvoeders en studente.

Hierdie introspeksie is baie nodig omdat Unisa sonder twyfel 'n hoofbydraer tot die Suid-Afrikaanse kennisekonomie is, deur sy gegradeerde, en duidelik 'n nasionale en kontinentale bate is. Ons registreer meer as 'n derde van alle hoëronderwysstudente in Suid-Afrika, en lewer die meerderheid van Afrika se gegradeerde. Daarom moet ons deurlopend bewus wees van die las van die geskiedenis en die toekoms wat ons as Unisa dra.

Kom ons bou van waar ons ten volle erkennings gee aan die vooruitgang wat Unisa in die afgelope jare gemaak het – wat die resultaat is van die gekombineerde pogings van sy onderskeie belanghebbers: die Raad, die bestuur, akademici, administratiewe personeel, vakbonde en studente. Hul uitmuntende werk het gehelp om die treë te gee wat ons geneem het tot waar ons ons in die onlangse verlede bevind het. Dit was 'n hulpmiddel vir ons om ons transformasie aan te dryf.

Ons het nou 'n nuwe Raad, onder die leierskap van MnR Simelane. Hierdie man wat u vandag toespreek, was onwrikbaar in sy gedrevenheid om hierdie instansie na 'n volgende vlak te neem. Ek lei 'n span wat dit waarvoor ons staan, geïnternaliseer het. Hierdie Raad en Bestuur glo dat transformasie ononderhandelbaar is, omdat dit 'n blink toekoms vir ons universiteit inhoud.

Ek gee ook graag erkenning aan die rol van ons Kanselier, President Thabo Mbeki – ’n handelsnaam in eie reg, waarvan Unisa met trots deel is. Daar bestaan geen twyfel nie dat indien ons gemeenskaplike belang as ’n Unisa-familie bedink om die kennisprojek te bevorder en die diens wat ons aan ons studente lewer te verbeter, niks ons sal keer nie.

Ek beklemtoon die kwessie van moedigheid en selfvertroue as deel van my uitnodiging dat ons almal die intimiderende vrae van die dag direk aanpak – die vraag van taal, die vraag van kritiese sosiale teorie, die kurrikulumvraag, en die vraag van institusionele kulturele verandering. Ek haal die pan-Afrikanis en vooraanstaande sosioloog Kwesi Prah aan:

The intimidating question we face as academics in Africa today is, how do we decolonize the academic enterprise, how do we indigenize knowledge production, how do we usefully domesticate knowledge and its production.

Ons jaar van nougesette implementering van die planne en beleide waaroor ons ooreengekom het, kan nie suksesvol wees as ons steeds bang is en steeds geïntimideer word deur die noodsaaklike eise wat aan

ons gestel word en die nodige veranderinge wat aangebring moet word.

Seker van die wetenskaplike diagnose wat ons van die huidige sistemiese en epistemiese krisis gemaak het, moet ons nou die oortuiging hê om kurrikulumverandering te implementeer. Ek stel voor ons implementeer dit op grond van die volgende vyf idees:

<u>Dimensie van dekolonialisering</u>	<u>Verklarende aantekeninge</u>
1. Desentrering van Euro-Noord-Amerikaans-sentriese kennis	Dit behels twee handelinge: herstel van Afrika as 'n legitieme epistemiese plek van kennis; en aandag aan Afrika-kennis as 'n uitgangspunt sonder om noodwendig weg te doen met kennis van Europa en Noord-Amerika. Die doel is om die krisis van relevansie en vervreemding te hanteer. Dit is 'n versterkende handeling wat mense van Afrika in staat stel om hulself duidelik te

	kan sien. Dit behels verskuiwing van 'n posisie waar mense van Afrika die wêreld ken en interpreteer.
2. Afrikanisering van kennis	Dit behels 'n herstelling van Afrika-identiteit en hervestiging van kennis van Afrika-kulture en -waardes. Dit is 'n herstelproses wat berus op idees van endogene kennis as "n interne produk wat geneem is uit 'n gegewe kulturele agtergrond, teenoor 'n ander kenniskategorie wat van elders ingevoer sal word."
2. Toevoeging / insluiting van Afrika-kennis by bestaande kenniskorpus	Dit is 'n swak vorm van dekolonialisering, wat die "lui" formaat gebruik waarvolgens nuwe items bloot tot die bestaande korpus en die bestaande kurrikulum toegevoeg word. Die besorgdheid hier is oor die toevoeging van nuwe inhoud

		sonder om die kurrikulum weer saam te stel.
4.	Dekoloniale kritiese bestudering van bestaande kennis	Hierdie benadering behels intensiewe ondervraging van “ontvangde” kennis en kritiese bestudering van die politiek van kennisproduksie en -verspreiding. Hierdie benadering poog om die verborge probleme soos rassisme en ingebedde asimmetriese magdinamiek te ontmasker.
5.	Demokratisering van kennis / ekologieë van kennis	Dit behels dat die akademie oopgestel word aan talle vorme van kennis, insluitende die onderworpe vorme, as deel van die bereiking van kognitiewe geregtigheid. Hierdie oopstelling aan ekologieë van kennis is bedoel om “vrolike vakkundigheid” op te lewer, wat “die uitdaging van oorvoorskriftelikheid,

	oorstandaardisering, oorroetinisering en oorvoorspelling" klein maak.
--	---

Kurrikulumtransformering behels dat daar weer ernstig, diep en doelbewus nagedink word oor ons dissiplines, hul relevansie en hul geskiktheid vir hul doel.

Ek herinner u aan die woorde van die Franse wetenskapshistorikus, Michel Foucault, wat geredeneer het dat die wetenskappe van vandag nie natuurlik ontwikkel het nie, maar die resultaat is van spesifieke behoeftes aan spesifieke kennis wat op daardie tydstip nodig was. Foucault se argument het soos volg gelui:

The epistemological field traversed by human sciences was not laid down in advance [...]. They appeared when man constituted himself in Western culture as both that which must be conceived of and that which is to be known. There can also be no doubts, certainly, that the historical emergence of each of the human sciences was occasioned by a problem, a requirement, an obstacle of a theoretical or practical order [...].

As 'n land, kontinent en die moderne wêreld oor die algemeen, is dit ook nie meer moontlik om steeds die realiteit van 'n epistemiese en sistemiese krisis waarin ons onself bevind, vry te spring nie. Die uitdaging wat ons in die gesig staar, word goed verwoord deur die vooraanstaande sosioloog, Immanuel Wallerstein, in sy belangrike boek getiteld ***The Uncertainties of Knowledge***:

I believe that we live in a very exciting era in the world of knowledge, precisely because we are living in a systemic crisis that is forcing us to reopen the basic epistemological questions and look to structural reorganization of the world of knowledge. It is uncertain whether we shall rise adequately to the intellectual challenge, but it is there for us to address. We engage our responsibility as scientists/scholars in the way in which we address the multiple issues before us at this turning point of our structures of knowledge.

My boodskap is dat ons die uitdaging moedig moet aanpak. Hierdie bevredigende aandurf van sistemiese en epistemiese uitdagings vereis van ons om praktiese handelinge soos die volgende te onderneem:

- **Herbedink denke opsigself**

In ons pogings om 'n kurrikulum te lewer wat fundamenteel verander is, moet ons deurlopend en sistematies "denke opsigself herbedink" en selfs sommige oorgelewerde idees, teorieë en konsepte "ontdink". Cathrine Odora Hoppers en Howard Richards het die "herbedinking van denke" soos volg omskryf:

The casting of light at last onto subjugated peoples, knowledges, histories and ways of living unsettles the toxic pond and transforms passive analysis into a generative force that valorises and recreates life for those previously museumised.

- **Leer om af te leer ten einde weer te leer**

Dit behels dat ons dele van dit wat ons geleer het, moet vergeet; dat ons kan losbreek van die denkprogramme wat ons deur opvoeding, kultuur, en sosiale verbetering opgelê word – altyd gekenmerk deur die Westerse imperiale rede.

- **Verskuiwing van die middelpunt**

Dit behels paradigmiese en epistemologiese verskuiwing van Eurosentrisme, insluitende verandering van die skouers van reuse

waarop ons gestaan het. Wanneer ons dit doen, moet ons diep nadink oor die ras, geslag, sosiale ligging, en selfs geografiese ligging van die sleuteldenkers as ons ons kurrikulum hersien.

- **Terugkering na die basis**

Hierdie handeling hou verband met ons sleuteltaak, naamlik om ons inheemse Afrikatale te gebruik wanneer ons onderrig, leer en navorsing doen.

Gevolgtrekking

Ek sluit af met die gedagte dat dít wat vir ons voorlê, 'n noodsaaklike stryd is om dominering en ekstroversie in die domein van kennisgenerering te oorkom – met direkte implikasies vir ons politieke, ekonomiese en kulturele ontwikkeling as 'n volk. Of ons dít waarmee ons besig is transformasie, dekolonialisering of Afrikanisering noem – die belangrikste is dít wat ons op die grond doen om die lank bestaande uitdagings van die relevansie van kennis en opvoeding (relevansie ten opsigte van praktiese vaardighede) te hanteer. My slotopmerking in hierdie amptelike openingstoespraak is dat ons almal in die verrigting van ons daagliks werk hier by Unisa, moet weet dat ons studente ons

prioriteit is en dat hulle die middelpunt moet wees van alles wat ons doen wanneer ons ons strategieë, planne en beleide implementeer.

Nkosi sikelela iAfrica

Nkosi sikelela iUnisa

Re a leboha

Re a leboga

Siyabonga

Dankie

Inkomo

Siyathokozza

Ndo livhuwa

Enkosi

Ro livhuwa

Aio

Thank you